**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ′n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruide teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir ′n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die onstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS

- Hou buite bereik van kinders.
- Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.
- Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
- Vermy inaseming van poeier/walm/gas/stuifsel/dampe/spuitstof.
- Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming.
- Was hande, gesig en enige blootgestelde vel deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.
- Besoedelde werksklere moet nie buite die werksplek toegelaat word nie.
- Moet nie eet, drink of rook wanneer hierdie produk gebruik word nie.
- Vermy vrystelling in die omgewing.

- INDIEN INGESLUK: Kry mediese hulp. Spoel mond uit.
- INDIEN OP VEL: Was met baie seep en water. Spesifieke behandeling (sien aanvullende noodhulpinstruksies op hierdie etiket).
- Indien velirritasie of uitslag ontstaan: Kry mediese hulp.
- Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.
- INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
- Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.
- Maak stortsel bymekaar.
- Raak ontslae van inhoud/houer by ‘n goedgekeurde afvalverwyderingsaanleg.

- Vermy inaseming van die spuitnewel.
- Vermy kontak met die vel en oë.
- Vermy dat die spuitnewel oor ander gewasse, weiding, riviere, damme of gebiede wat nie onder behandeling is nie, wegdryf.
- Keer die leë houer om oor die spuit of mengtenk en laat dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot ʼn gedrup verander het. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met ʼn volume water wat minstens gelykstaande is aan 10% van die volume van die houer. Voeg die spoelwater in die spuittenk.
- Vernietig die leë houer deur dit te perforeer en plat te druk en moet dit NOOIT vir geen ander doel gebruik nie
- Maak die toediener deeglik skoon na gebruik en gooi die spoelwater waar dit nie gewasse, riviere of damme sal besoedel nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**RELEVANTE STOWWE**

| **Chemiese naam** | **w/w %** | **CAS no.** |
|---|---|---|
| Metolachloor | >60% | 51218-45-2 |
| Poli(oksi-1,2-etaandiël),.alfa.-[tris(1-fenieletiel)feniel)]-.omega-hidroksi | <10% | 99734-09-5 |
| Benseensulfoonsuur, $C_{10}$-$C_{13}$ -alkielderivate, kalsiumsout | <10% | EC no: 932-231-6 |
| 2-Etielheksaan-1-ol | <10% | 104-76-7 |

## NOODHULPBEHANDELING

Ingeval van ‘n ongeluk of ongesteldheid, verkry onmiddellik mediese advies. Verskaf hierdie etiket en SDS aan mediese personeel vir behandeling. Noodpersoneel moet beskermende klere dra wat geskik is vir die soort en graad van kontaminasie.

Trek onmiddellik besoedelde klere uit en verwyder die geaffekteerde persoon uit die besoedelde area. Hou die persoon warm, kalm en bedek. Noodhulppersoneel moet oplet na hulle eie veiligheid.

Neem die produkhouer of produknaam saam wanneer mediese hulp versoek word.

**Oogkontak**: Spoel onmiddellik met groot hoeveelhede water. Na oë aanvanklike gespoel is, verwyder enige kontaklense en hou aan met spoel vir ten minste 15 minute. Hou oog wyd oop terwyl gespoel word. Kry onmiddellik mediese hulp indien simptome voorkom.

**Velkontak:** Was onmiddellik af met seep en baie water terwyl alle besoedelde klere en skoene verwyder word. Raadpleeg ‘n dokter indien nodig.

**Inaseming:** Verwyder die geaffekteerde persoon uit die blootstelling na ‘n area met vars lug. Indien asemhaling moelik is, moet suurstof deur gekwalifiseerde personeel toegedien word. Indien asemhaling ophou, gee kunsmatige asemhaling. Moenie mond-tot-mond asemhaling toepas indien die slagoffer die produk ingesluk of ingeasem het nie; pas kunsmatige asemhaling toe met behulp van ‘n mond-tot-mond respirator of ander toepaslike mediese asemhalingstoerusting. Raadpleeg ‘n dokter.

**Indien ingesluk:** Indien by volle bewussyn, spoel mond deeglik met water. Drink baie water. Moet nooit iets per mond aan ‘n bewustelose persoon of ‘n persoon met stuiptrekkings gee nie. Indien spontane braking plaasvind, laat die slagoffer vooroor buig om inaseming van braaksel te verhoed. Spoel mond uit en gee nog water. As simptome voortduur, skakel/raadpleeg ‘n dokter.

## TOKSIKOLOGIESE INLIGTING

### Teenmiddels

Geen spesifieke teenmiddel nie. Behandel simptomaties.

### Simptome van menslike vergifting

Geen bekend nie.

NOTA AAN DIE GEBRUIKER: Hierdie landboumiddel moet slegs gebruik word soos aangedui volgens die gebruiksaanwysings in hierdie etiket. Dit is ‘n oortreding van die Wet om hierdie middel te gebruik op ‘n wyse wat strydig is met die aanwysings op die etiket

## WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir die bestuur van weerstand word **CLINCHER® 960 EC** as ′n groepkode K3 onkruiddoder geklassifiseer. Enige onkruidpopulasie mag individue hê wat natuurlike weerstand teen **CLINCHER® 960 EC** en groepkode K3 onkruiddoders besit. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die populasie oorheers as hierdie onkruiddoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruide mag dalk nie deur **CLINCHER® 960 EC** of ander groepkode K3 onkruiddoders beheer word nie. Om onkruidweerstand te vertraag:

- Vermy die herhaaldelike eksklusiewe gebruik van onkruiddoders van dieselfde onkruiddodergroepkode. Wissel af of gebruik tenkmengsels met produkte van ander onkruiddodergroepkodes.

- Integreer beheermetodes (chemiese, verbouing en biologies) in onkruidbeheerprogramme

Skakel met die verspreidersagent of die registrasiehouer van hierdie produk vir meer spesifieke inligting.

Indien **CLINCHER® 960 EC** weerstandbiedende onkruide nie beheer nie, sal ADAMA South Africa nie verantwoordelikheid vir sulke verliese aanvaar nie, aangesien die opspoor van weerstandbiedende onkruide voor toediening baie moeilik is. Vermy die gebruik van **CLINCHER® 960 EC** in gebiede waar onkruidweerstandbiedendheid reeds bevestig is.

**MEGANISME VAN WERKING**

K3: Inhibisie van baie langkettingvetsuursintese

**GEBRUIKSBEPERKINGS**

- Moet nie **CLINCHER® 960 EC** op eksperimentele, nuutvrygestelde kultivars of ingeteelde ouerplante gebruik voordat u eers die saadverskaffer of die registrasiehouer geraadpleeg het nie.
- Die gebruik van **CLINCHER® 960 EC** op swak gedreineerde gronde en gronde met ′n verdigtingslaag wat versuiping kan veroorsaak, kan lei tot gewasskade.
- Swaar reën (25 mm per dag of 50 mm oor ′n periode van 3-7 dae) asook vloedbesproeiing op baie sanderige gronde (<15 % klei) met ′n lae organiese materiaal inhoud (<1 %) kan onkruidbeheer nadelig beïnvloed.
- Droëbone- en graansorghumsaad moet met doeltreffende swamdoders behandel word om saailingsiektes (byvoorbeeld *Pythium* en *Rhizoctonia* spp.) te beheer. Moet nie aan droëbone toedien op landerye waar monokultuur toegepas word of grondgedraagte siektes teenwoordig is nie.
- Moet nie **CLINCHER® 960 EC** as ′n vooropkom behandeling in mielies toedien nie.
- Op sanderige, vlak en versuipte gronde met ′n ondeurdringbare kleilaag minder as 100 cm diep kan **CLINCHER® 960 EC** skade aan sonneblomme en droëbone veroorsaak.
- Onder warm droë toestande asook die teenwoordigheid van ′n ploegsool in die grond kan **CLINCHER® 960 EC** ook skade aan droëbone veroorsaak.
- Wanneer **CLINCHER® 960 EC** in ′n tenkmengsel met ander produkte gebruik word, moet die voorwaardes en beperkings soos wat dit op daardie produketikette verskyn, nagekom word.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**

**Gebruik slegs soos aangedui.**

**Verenigbaarheid**

Geen gevalle van onverenigbaarheid met ander landbouchemikalieë is tot dusver aangemeld nie. Indien ′n tenkmengsel met ander landbouchemiese middels gemaak word, word aanbeveel dat klein hoeveelhede van elke middel apart aangemaak word in ′n klein hoeveelheid water en in die tenk gevoeg word terwyl geroer word. Evalueer vir enige teken van onverenigbaarheid soos bv. skeiding,

flokkulering ens. Die etiketvoorskrifte van die middels wat in kombinasie met **CLINCHER® 960 EC** gebruik gaan word, moet nagekom word.

### Vermenging

- Skud die houer goed voor gebruik. Vul die spuittenk halfvol met skoon water. Meng die benodigde hoeveelheid **CLINCHER® 960 EC** vooraf apart met water en voeg in die tenk terwyl geroer word. Vul die tenk met water terwyl voortdurend geroer word.
- Wanneer tenkmengsels met **CLINCHER® 960 EC** en ander produkte gemaak word, moet hierdie produkte gemeng of verroom word met ′n klein hoeveelheid water en eerste in die spuittenk gevoeg word. Voeg nou water by tot net onder die verlangde kapasiteit en voeg nou die vooraf gemengde **CLINCHER® 960 EC** by terwyl voortdurend geroer word. Vul nou die spuittenk met water. Verwys na die etikette van die produkte wat met **CLINCHER® 960 EC** gemeng gaan word en kom die etiketvoorskrifte na.
- Verseker deeglike roering tydens vermenging en toediening. Meng net genoeg spuitmengsel vir ′n dag se gebruik. Moet nie die spuitmengsel oornag laat staan nie.

### Toedieningnotas

Dien **CLINCHER® 960 EC** toe volgens die onderskeie gewasaanbevelings hieronder, verkieslik voordat die onkruide ontkiem. Dien **CLINCHER® 960 EC** tydens plant of so gou moontlik daarna toe, maar nie later as 3 dae na plant nie. Die saadbed moet fyn, ferm en gelyk wees sonder enige onkruide of oormatige hoeveelheid plantreste.Aaneenlopende reën of besproeiing van ten minste 15 mm word na toediening benodig om die aktiewe bestanddeel in die grond binne die ontkiemingsgebied van die onkruid in te loog. As dit nie reën nie en die onkruid begin ontkiem, kan ′n ligte bewerking uitgevoer word om die onkruide te beheer en die onkruiddoder in die boonste 10−20 mm van die grond in te werk.Moet nie eg na toediening nie omdat dit kan lei tot swak onkruidbeheer as gevolg van die ontbloting van onbehandelde grond.

### Grondtoediening

**CLINCHER® 960 EC** kan deur enige geskikte medium- of hoëvolume spuitapparaat toegedien word, mits dit toegerus is met ′n doeltreffende roermeganisme, dit korrek gekalibreer is en in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied te versprei. Gebruik platwaaierspuitpunte en ′n spuitvolume van ten minste 200 L water per hektaar.

### Lugtoediening

**CLINCHER® 960 EC** kan slegs deur ′n geregistreerde Lugbespuitingsperateur met ′n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot ′n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- <u>Volume</u>: ′n Spuitmengsel volume van 30 L per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen ′n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen ′n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- <u>Druppelbedekking:</u> 20 tot 30 druppels per $cm^2$ moet op die teikenarea herwin word.

- Druppelgrootte: ′n Druppelspektrum met ′n VMD van 350 tot 400 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot ′n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik nie, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet ′n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van ′n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Staak bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Staak bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as ′n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
  b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om ′n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in ′n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

## TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

### *Eucalyptus*- en denneplantasies

| KLEI (%) | DOSIS (L/HA) | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| 0−20<br>21−30<br>>30 | 1.5<br>2.0<br>2.5 | **Hoofsaaklik eenjarige grasse:** Dien as ′n algehele toediening na uitplant van die jong boompies op ′n onkruidvrye saadbed toe. Moet nie bo-oor die jong boompies spuit nie. Indien onkruide reeds voor uitplant van die boompies teenwoordig is, kan ′n tenkmengsel van **CLINCHER® 960 EC** en paraquat 200 SL net voor plant toegedien word. |

ADAMA
Listen · Learn · Deliver

**Droëbone, grondbone, lupiene, sonneblom en sojabone**

| KLEI (%) | DOSIS (L/HA) | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| 0−20<br>21−30<br>>30 | 0.9−1.2<br>1.2−1.5<br>1.5-2.0 | **Hoofsaaklik eenjarige grasse:** Dien as ′n vooropkom toediening toe op ′n onkruidvrye saadbed. Gebruik die hoër dosis indien geeluintjies en kruisvingergras aanwesig is of indien die organiese materiaal meer is as 1%. |

**Graan- en voersorghum (saad behandel met ′n beveiliger)**

**CLINCHER® 960 EC** kan alleenlik op sorghum gebruik word indien die saad behoorlik met ′n geregistreerde beveiliger behandel is om die saad teen metolachloorskade te beskerm. Ernstige gewasskade sal voorkom indien die sorghumsaad nie met ′n geskikte beveiliger behandel is nie. Onder hoë grondvog toestande kan **CLINCHER® 960 EC** 4-6 weeks na plant fitotoksiese simptome veroorsaak. Die gewas sal normaalweg hierdie skade ontgroei sonder enige nadelige invloed op die opbrengs. Vermy die vorming van ′n kors op die grondoppervlakte deur so gou as moontlik ′n vlak bewerking uit te voer. Indien saailingsiektes teenwoordig is, kan **CLINCHER® 960 EC** die sorghum beskadig.

**Graan- en voersorghum**

| KLEI (%) | DOSIS (L/ha) | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| 0−20<br>21−30<br>31-40<br>>40 | Nie aanbeveel nie<br>1.2<br>1.4<br>1.4-2.0 | **Hoofsaaklik eenjarige grasse:** Dien as ′n vooropkoms toediening toe op ′n onkruidvrye saadbed. Gebruik die hoër dosis indien die organiese materiaal meer is as 1% is of op turfgronde vir goeie beheer van litjiesinjaalgras en kruisvingergras. Vir die beheer van breëblaaronkruide kan ATRANEX® 500 SC of SUPRANEX®600 SC, of SUPRANEX 900 WG gebruik word in ′n tenkmengsel met 2,4-D AMINE SL. Verwys na die onderskeie produkte se etikette en volg die aanwysings. |

**Mielies (vroeg na opkoms)**

**CLINCHER® 960 EC** kan gebruik word as ′n vroeë na-opkomstoediening in mielies om die grasbeheer na ′n asetanilied toediening te verleng. Dien **CLINCHER® 960 EC** vroeg na opkoms van mielies en voor opkoms van die onkruide direk na ′n bewerking toe wanneer geen onkruide aanwesig is nie. Enige onkruide wat aanwesig is gedurende die toediening sal nie beheer word nie. Vir verlengde onkruidbeheer kan **CLINCHER® 960 EC** in ′n tenkmengsel met ATRANEX® 500 SC of SUPRANEX 600 SC of SUPRANEX 900 WG toegedien word. Raadpleeg u verteenwoordiger vir meer besonderhede. Die toedieningshoeveelheid vir ATRANEX® 500 SC of SUPRANEX 600 SC moet nie 2 L/ha (of 1.3 kg/ha vir SUPRANEX 900 WG) oorskry nie waar atrasien sensitiewe gewasse soos katoen, sojabone, droëbone, grondbone, koring, tabak en groente geplant gaan word.

| KLEI (%) | DOSIS | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **CLINCHER® 960 EC (L/ha)** | plus **ATRANEX® 500 SC (L/ha)** | of **SUPRANEX 600 SC (L/ha)** | of **SUPRANEX 900 WG** |
| 0−10 | 0.45−0.55 | 2.5 | 2.0 | 1.3 |
| 11−20 | 0.4 | 3.0 | 2.5 | 1.7 |
| 21−30 | 0.5 | 3.6 | 3.0 | 2.0 |
| 31−40 | 0.5−0.7* | 3.6 | 3.0 | 2.0 |
| 41−50 | 0.5−0.7 | 3.6 | 3.0 | 2.0 |

* Gebruik die hoër dosis indien die organiese inhoud 1% oorskry.

**Aartappels**

| KLEI (%) | DOSIS (L/HA) | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| Alle grondtipes | 1.9 | **Vooropkom (onkruide) toediening:** Dien vooropkom van droëland aartappels en onkruide toe, na die eerste somerreën.<br>**Vroeg na-opkom (onkruide) toediening:** Dien vooropkom van droëland aartappels en vroeg na-opkom van onkruide toe, na die eerste somerreën. Dien toe in ′n tenkmengsel met paraquat 200 SL (1–2 L/ha). **Moet nie toedien nie nadat 10% van die aartappels opgekom het.** Onder besproeiing kan **CLINCHER® 960 EC teen** 1.5 L/ha toegedien word. |

**Suikerriet (vooropkom toediening)**

| KLEI (%) | DOSIS (L/HA) | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| 0−35 | 1.5−2.5 | Gebruik die hoër dosis op gronde met ′n hoë klei-inhoud of om die beheer van *Panicum maximum* en *Cyperus esculentus* te verbeter.<br>Indien grasonkruide alreeds ontkiem het, gebruik ′n tenkmengsel van **CLINCHER® 960 EC** en paraquat 200 SL**.** Die beheer van breëblaaronkruide kan verbeter word met tenkmengsels van **CLINCHER® 960 EC** en AMETREX® 500 SC (2 L/ha op lae klei-inhoud gronde en 3 L/ha op hoë klei-inhoud gronde). |
| >35 | 2.5−3.0 | Gebruik 3 L/ha op gronde met meer as 35% klei en meer as 1 % organiese materiaal of om die beheer van *Panicum maximum* en *Cyperus esculentus* te verbeter.<br>Indien grasonkruide alreeds begin verskyn moet **CLINCHER® 960 EC** in ′n tenkmengsel met paraquat 200 SL gebruik word. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Die beheer van breëblaaronkruide kan verbeter word met tenkmengsels van **CLINCHER® 960 EC** en AMETREX® 500 SC (2 L/ha op lae klei-inhoud gronde en 3 L/ha op hoë klei-inhoud gronde). |

**Suikerriet (vroeg na opkom)**

**CLINCHER® 960 EC** het geen na-opkom-aktiwiteit op onkruide wat reeds opgekom het nie, maar kan na-opkom saam met na-opkom onkruiddoders in tenkmengsels as volg toegedien word:

| PRODUKMENGSELS EN DOSISSE (L/HA) | OPMERKINGS |
|---|---|
| **CLINCHER® 960 EC** (kyk vooropkom-dosis)<br>**+**<br>AMETREX® 500 SC 2.0–3.0 L/ha<br>+<br>paraquat 200 SL 1.5 L/ha | Dien vroeg na-opkom toe. Gebruik paraquat 200 SL tot en met die drieblaarstadium van die gewas.<br>Moet nie ′n benatter byvoeg nie. |
| **CLINCHER® 960 EC** (kyk vooropkom-dosis)<br>**+**<br>AMETREX® 500 SC 4.0–5.0 L/ha<br>+<br>MCPA SL 3.5 L/ha<br>*OF*<br>2,4-D Amine SL 3.0 L/ha<br>+<br>nie-ioniese benatter teen 0.2% | Dien toe as ′n gerigte bespuiting tussen die rye van die gewas. Gebruik die hoër AMETREX® 500 SC dosis vir hoë onkruiddruk. Hierdie behandeling sal *Panicum maximum* wisselvallig beheer. |
| **CLINCHER® 960 EC** (kyk vooropkom-dosis)<br>**+**<br>AMETREX ® 500 SC 6.0 L/ha<br>+<br>nie-ioniese benatter teen 0.2% | Dien toe as ′n algehele toediening tot en met die vyfblaarstadium van die gewas. Dien alleenlik toe as ′n gerigte bespuiting tussen die rye van die gewas na die vyfblaarstadium. Hierdie behandeling sal *Panicum maximum* wisselvallig beheer. |
| **CLINCHER® 960 EC** (kyk vooropkom-dosis)<br>+<br>DIUREX® 800 SC 2.0–2.5 L/ha<br>+<br>paraquat 200 SL teen 1.5 L/ha | Gebruik paraquat 200 SL alleenlik tot en met die drieblaarstadium van die gewas. Moet nie ′n benatter byvoeg nie. Gebruik die hoër DIUREX® 800 SC dosis vir langer nawerking. |

| | |
|---|---|
| **CLINCHER® 960 EC** (kyk vooropkom-dosis)<br>+<br>Metribuzin 480 SC 2.0 L/ha<br>+<br>paraquat 200 SL 1.5 L/ha | Gebruik paraquat 200 SL alleenlik tot en met die drieblaarstadium van die gewas. Moet nie ′n benatter byvoeg nie. Moet nie tenkmengsels wat Metribuzin 480 SC bevat gebruik nie op gronde met minder as 6% klei. |

**Tabak (alleenlik somerreënvalgebied)**

| KLEI (%) | DOSIS (L/HA) | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| 0-10<br>11-20<br>21-35<br>>35 | 0.77<br>1.08<br>1.5<br>2.15 | Dien **CLINCHER® 960 EC** toe binne 3 dae na uitplant van die tabakplantjies. Die tabakplantjies mot nog verwelk wees. Indien die plantjies turgied is, rig die sproei om te voorkom dat die sproei in die kelk beland aangesien dit die groeipunt kan beskadig. Indien die sproei in kontak met aktief groeiende blare kom, kan skroeiskade ook voorkom. Op gruisgronde of gronde met minder as 10% klei, moet die sproei ten minste 10 cm weg van die plantry gerig word om loging van die aktief in die wortelsone van die tabak te vermy. Aktiveer die **CLINCHER® 960 EC** binne 2 tot 3 dae na toediening deur oorhoofse besproeiing van 10 tot 15 mm op gronde met minder as 35% klei en 20 tot 30 mm op gronde met meer as 35% klei. |

**ONKRUIDE NORMAALWEG BEHEER**

Verwys na die onkruidlys hieronder. Die beheer van geeluintjies (*Cyperus esculentus*) mag wisselvallig wees en is hoofsaaklik afhanklik van weerstoestande. Om die beheerspektrum van breëblaaronkruide te verbeter, word aanbeveel dat **CLINCHER® 960 EC** in tenkmengsels met geregistreerde breëblaarmiddels toegedien word, of dat die **CLINCHER® 960 EC** toediening opgevolg moet word met ′n toediening van ′n geregistreerde breëblaaronkruiddoder.

**Eenjarige grasse**

| BOTANIESE NAAM | GEWONE NAAM |
|---|---|
| *Brachiaria eruciformis* | Litjiesinjaalgras |
| *Chloris virgata* | Witpluim-Chloris |
| *Dactyloctenium aegyptium* | Hoenderspoor |
| *Digitaria nuda* | - |
| *Digitaria sanguinalis* | Kruisvingergras |
| *Echinichloa crus-gali* | Hanepootmanna |

| BOTANIESE NAAM | GEWONE NAAM |
|---|---|
| *Eleusine coracana* | Jongosgras |
| *Panicum maximum* | Gewone buffelsgras |
| *Panicum schinzii* | Soetbuffelsgras |
| *Pseudobrachiaria deflexa* | Bastersinjaalgras |
| *Setaria pallide-fusca* | Rooiborselgras |
| *Setaria verticillata* | Klitsborselgras |
| *Sorghum verticilliflorum* | Gewone wildesorghum |
| *Tragus berteronianus* | Kleinwortelsaadgras |
| *Tragus racemosus* | Grootwortelsaadgras |
| *Urochloa mosambicensis* | Bosveldbeesgras |
| *Urochloa panicoides* | Beesgras |

**Breëblaaronkruide**

Die beheer van breëblaaronkruide hieronder gelys mag wisselvallig wees, afhangende van weerstoestande.

| BOTANIESE NAAM | GEWONE NAAM |
|---|---|
| *Ageratum conyzoides* | Indringer Ageratum |
| *Amaranthus hybridus* | Gewone misbredie |
| *Amaranthus spinosus* | Doringmisbredie |
| *Amaranthus thunbergii* | Rooimisbredie |
| *Chenopodium carinatum* | Groenhondebossie |
| *Cleome monophylla* | Rusperbossie |
| *Commelina benghalensis* | Bengaalse wandelende Jood |
| *Datura ferox* | Grootstinkblaar |
| *Datura stramonium* | Stinkblaar |
| *Galingsoga parviflora* | Knopkruid |
| *Lactuca serriola* | Wildeslaai |

| | |
|---|---|
| *Nicandra physaloides* | Basterappelliefie |
| *Portulaca oleracea* | Porslein |
| *Solanum nigrum* | Nastergal |
| *Senecio madagascariensis* | Groot senecio |

**Uintjies**

| BOTANIESE NAAM | GEWONE NAAM |
|---|---|
| *Cyperus esculentus* | Geeluintjie |

**Nota:** Om *Cyperus esculentus* te beheer moet die plantproses voorafgegaan word deur 'n diep ploegbewerking. Die plantproses moet onmiddellik na die saadbed voorbereiding geskied. Die saadbed moet fyn, ferm, eweredig en sonder oormatige plantreste wees. Aanhoudende reën of besproeiing van tussen 15 mm vir ligter en 25 mm vir swaarder gronde moet plaasvind na toediening en voor die uintjies ontkiem en begin ontwikkel.

**AMETREX® 500 SC (Reg. no. L4656) is 'n geregistreerde produk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**

**ATRANEX® 500 SC (Reg. no. L5352) is 'n geregistreerde produk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP**

**DIUREX® 800 SC (Reg. no. L5334) is die 'n geregistreerde produk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**